



HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG

Posbus 215, Heidelberg, Gauteng, 1438

Tel: (016) 341 3165/6 Faks: (016) 341 3987 E-pos: hvhadmin@lantic.net

21 Januarie 2021

Geagte Ouers/Voogde

Ons hoop dat julle die vakansie goed uitgerus het en gereed is vir 2021 met al sy geleenthede! Ons glo dat 2021 vir elk van u 'n besondere jaar sal wees!

Graag bring ons die volgende onder u aandag:

1. **AKADEMIE**

Aangesien skole eers 15 Februarie 2021 heropen is die besluit geneem om handboeke eers vanaf 1 Februarie 2021 uit te deel. 'n Rooster sal in volgende week beskikbaar wees vir wanneer watter grade hul handboeke kan afhaal. Onthou dat alle addisionele vakgelde voor die tyd betaalbaar is.

Dit is ook met groot opgewondenheid dat ons kan aankondig dat alle Volkies die jaar gratis toegang sal hê tot Wolkskool. Ons sal Wolkskool saam Microsoft Teams gebruik om leerders goed toe te rus vir die akademie. Ons mik dan ook daarop om so gou moontlik die leerders te registreer sodat ons reeds voor 15 Februarie 2021 kan begin met aanlynlesse.

2. **SPORT**

Na aanleiding van 'n skrywe van Atletiek Suid-Afrika is alle atletiek vir tyd en wyl opgeskort. Indien daar wysigings kom, sal u dadelik in kennis gestel word. Verder is dit egter vir ons belangrik dat leerders nog steeds aktief moet bly omdat die moontlikheid bestaan dat die ander sporte wel sal kan aangaan. Op die stadium bleik dit dat daar middel Februarie 2021 weer kommunikasie in die verband sal wees.

3. **GRAAD 8-KAMP EN GROENTJIEKONSERT**

Die beplanning op die stadium is om op 10 en 11 Februarie 2021 die graad 8-leerders by die skool te ontvang en 'n oriënteringsprogram te volg. Meer inligting sal volgende week aan die graad 8-ouers gestuur word. Die datum van die "kamp" sal later bepaal word.

4. **SKOOLFONDS EN ANDER GELDE BETAALBAAR**

Die enigste duidelikheid wat ons op hierdie stadium het, is dat die skool op 15 Februarie 2021 heropen. Verdere kommunikasie word wel vanaf die Departement van Onderwys verwag wat dan meer duidelikheid sal bring oor die impak van die twee weke vertraging op die skoolkalender. In die lig hiervan en tot tyd en wyl die verdere kommunikasie ontvang is, word ouers en voogde versoek om die betaling van alle gelde te hanteer asof daar op die stadium geen impak op die skoolkalender is nie. Indien u enige reëlings wil tref aangaande die betaling van gelde dan kan u tersia@volkies.co.za kontak. Baie dankie vir u begrip en ondersteuning in die verband.

JJ BOTHA
HOOF